# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 331 · 23 FEBRUARIE 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## LEERDERS STROOM NA FRAMESBY SE OPEDAG

Honderde leerders het Framesby se hekke binnegestroom om die Opedag by te woon. Framesby se opedag staan nie terug nie en dit was weereens 'n reusesukses. Die "nautical" tema het pragtig gelyk en die kinders het dit vreeslik geniet om elke karakter by die verskillende stasies te sien. Van Spongebob, Captain Hook, Finding Nemo tot die seekoningin. Leerders het heerlik gesmul aan oliebolle terwyl hul koeldranke en 'n pakkie chips ontvang het. Die MB-matrose het die leerders op die toer vergesel. Na die toer het die MB die leerders vinnig 'n dansie geleer terwyl die ouers in die saal hul sitplekke in geneem het. Na die saalverrigtinge het die leerders die dansie voor hul ouers opgevoer. Hulle het só lekker gedans hul wou dit sommer wéér doen.









FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

**KLUB 1000/100**

*barometer*




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE**


WELKOM

















# HET U GEWEET?



**ONS BIED DIE VOLGENDE VAKKE AAN:**
**DIGITALE TEGNOLOGIE GR. 8-9**
**[EEN VAN DIE MIN SKOLE WAT DIT AANBIED.]**
**RTT GR. 10-12 EN IT GR. 10-12**

MIN SKOLE KAN SPOG MET SULKE FASILITEITE!



## 6 REKENAAR-LOKALE

## 192 REKENAARS





*Ons goed opgeleide rekenaarpersoneel:*

## IT




MNR. B. VAN DER BERG
**VAKHOOF**

## RTT



MEV. D. ROBERTS
**VAKHOOF**




MEV. M. MOSS



MNR. B. VAN DER BERG

## DIGITALE TEGNOLOGIE



MEV. M. MOSS
**VAKHOOF**



MEV. D. ROBERTS



MNR. B. VAN DER BERG



ME. J. FOURIE



MEV. L. VAN HUYSSTEEN



MNR. A. ALBERTS

**WAT BEHELS DIGITALE TEGNOLOGIE?**

Digitale Tegnologie fokus op die basiese gebruiksvaardighede van 'n rekenaar. Dit sluit hardeware en sagteware in.

**WATTER PROGRAMME WORD GEBRUIK?**

Microsoft Word, Microsoft Excel en basiese koderings vaardighede in Scratch. Dit is ook 'n groot voordeel vir vakke soos CAT en IT in Gr 10 – 12, want 'n baie stabiele fondament is dan alreeds gelê.

**WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN RTT EN IT?**

IT:
Jy leer wat 'n rekenaar kan doen, hoe om iets van nuuts af te skep en hoe om te kodeer. Jy moet daarvan hou om probleme op te los!

RTT:
Leerders leer hoe om rekenaarsagteware en hardeware te gebruik om werklike probleme op te los. Die vak dek woordverwerking, sigblaaie, multimedia, webontwerp en databasisse.





# FRAMESBY DOMINEER SOOS OUDERGEWOONTE DIE PE-HOËRSKOLE KAMPIOENSKAPPE

Hoërskool Framesby se atlete het Vrydag en Saterdag by die PE-Hoërskole Kampioenskappe gewys waarom hul as die beste in die Oos Kaap beskou word. 96 atlete het eerskomende Saterdag vir die Metro Kampioenskappe gekwalifiseer.

Topprestasies

Lincoln Kunneke het die beste prestasie vir die dag gelewer met sy uitstekende afstand in die S/15 hamergooi waarin hy 903 APE-Tabel punte behaal het. Stefan Boshoff (S/15, 1500m Hindernis) en Dallian Oerson (S17, 1500m) het ook uitstekende prestasies gelewer wat onder die Top 10 prestasies vir seuns was vir die byeenkoms.

Juané Deysel het die 2e beste prestasie vir dogters op die APE-Tabel gelewer met 881 punte vir die 90m hekkies. Karli Janse van Rensburg (D14, 90m Hekkies) en Esri le Grange (D/16 Hamergooi) het ook uitstekende prestasies gelewer wat onder die Top 10-prestasies vir dogters was vir die byeenkoms.

Rekords

7 van die 12 nuwe rekords wat verbeter is tydens die byeenkoms is deur Framesby atlete gedoen. Spesiale vermelding vir Kayden Thoressen wat twee rekords verbeter het.

Die volgende atlete het rekords verbeter:

- Esri le Grange, D16, Hamergooi, 40.89m
- Karli Janse van Rensburg, D14, 90m Hekkies, 14.56
- Juané Deysel, D15, 90m Hekkies, 13.68
- Karli Louw, D14, 3000m, 12:14.30
- Tiané Slabbert, D15, Paalspring, 2.60m
- Kayden Thoressen, S15, Paalspring, 3.75m
- Kayden Thoressen,, S15, Driesprong, 12.41m.

Top 3

1e plek - 58

2e plek - 33

3e plek - 38





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY SE TWEEKAMP-ATLETE VAAR UITSTEKEND BY OP KAMPIOENSKAPPE

12 Hoërskool Framesby se atlete het briljante resultate behaal by die OP-Tweekamp Kampioenskappe. Die atlete het 3 medaljes verwerf en 8 Top 5 plekke behaal teen strawwe kompetisie. Minette van Zyl is gekroon as die nuwe OP o/15 Dogters kampioen. Wat die atlete se prestasies nog meer merkwaardig maak is dat die mees te van hul die vorige twee dae aan die PE-Hoërskole Atletiek Kampioenskappe deelgeneem het.



Hiervolgens ‘n opsomming van die resultate:

Goud
- Minette van Zyl, Dogters 15, 2044.60 punte

Silwer
- Elmé Vermaak, Dogters 17, 2032.37

Brons
- Tanya Boshoff, Dogters 19, 1940.35 punte

4e plek
- Lienke Els, Dogters 17, 2023.00 punte
- Zané Jubber, Dogters 19, 1933.25 punte
- Christiaan Theron, Seuns 15, 1999.97 punte
- Jaco Strydom, Seuns 17, 1984.67 punte

5e plek
- Luka Bessinger, Seuns 17, 1968.00 punte

6e plek
- Luhann Sprong, Seuns 17, 1959.01 punte
- Mari Geissler, Dogters 17, 2011.72 punte

8ste plek
- Janco Faber, Seuns 17, 1940.58 punte
- Zia Ferreira, Dogters 17, 1988.35 punte







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) WERKSAFBAKENINGS - TOETSREEKS
Graad 12-leerders het op 22 Februarie 2024 hul werksafbakenings vir die toetsreeks in harde kopie ontvang. Graad 8 tot Graad 11-leerders ontvang hul werksafbakening vir die toetsreeks op
23 Februarie 2024 in harde kopie. Alle leerders wat afwesig is, sal dit op 26 Februarie 2024 ontvang.

B) KONSESSIES
Die finale datum om konsessie-aansoeke vir 2024 in te handig by die departement van onderwys, is 28 Februarie 2024.
Ouers, wees asseblief bewus daarvan dat ons getalle toeneem, en so ook die konsessie-aansoeke. Hiermee stel ons u in kennis dat nuwe aansoeke 'n finansiële verantwoordelikheid vanaf ouers gaan vereis.

C) TOETSREEKSROOSTER – MAART 2024
Neem kennis dat daar 'n veranderings op die rooster is wat in die dagboekie verskyn met betrekking tot graad 8. Aangeheg die toetsreeksrooster vir Maart 2024.

D) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.

E) KENNISGEWING VAN NOMINERING EN VERKIESING VAN BEHEERLIGGAAM
Aangeheg die kennisgewing.

F) PORTAALWEBTUISTE
Ons as skoolbestuur is besig om die moontlikheid te ondersoek van 'n portaalwebtuiste vir ons skool. Dit sal behels dat personeel alle inligting vir ouers en leerders op hierdie webtuiste kan oplaai en ouers en leerders dit kan aflaai hiervan. Ons hou u as die Framesby-skoolgemeenskap op hoogte hiervan.

G) ASSESSERINGSDATUMS GRAAD 8-12
Aangeheg is die datums vir assesserings (SGA) wat verpligtend vir elke leerder is. Ouers help asseblief u leerder tuis om hul verantwoordelikheid (veral rondom TAKE EN PROJEKTE) na te kom en betyds te wees. Leerders moet getrou skool bywoon om alle assesserings te voltooi.

H) VAKVERANDERINGS GRAAD 10 EN 11
GRAAD 11'S
Leerders mag 2 vakveranderings hierdie kwartaal maak. Die sperdatum waarop alle papierwerk afgehandel moet wees, is 15 Maart. Kontak die graadhoof by: lschelbert@framesby.co.za

GRAAD 10'S
Leerders mag 'n maksimum van 2 veranderings tot aan die einde van kwartaal 2 maak. Veranderings aan die einde van kwartaal 1 sal oorweeg word mits dit in die beste belang van die leerder is. Kontak die graadhoof by: npotgieter@framesby.co.za
Enige aansoek om verandering sal op meriete geskied en in die beste belang van die leerder toegelaat word. Die hele proses word deur die graadhoof, akademiese hoof en die skoolhoof hanteer. Beskikbaarheid van spasie in praktiese vakke word deur die grootte van die huidige groepe bepaal. Sien ook die verwysing na vakveranderings soos in die Jaarbeplanner vervat.

I) WOLKSKOOL
Alle leerders se data is reeds by Die Wolkskool. Elke leerder moet tuis met sy/haar unieke e-posadres en 'n eie wagwoord weer registreer. Geen kostes behoort van u gevra word nie.
Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2024 op alle terreine bied, is voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# TENNIS

Tennisuitslae vir 13 Februarie

1ste meisies verloor 3-1 teen Nico Malan
2de meisies 2-2 teen Riebeek
3de meisies 2-2 teen Westview

Tennisuitslae vir 15 Februarie
1 ste seuns wen 3-1 teen Despatch
2de seuns verloor 4-0 teen Pearson
3de seuns wen 3-1 teen DF
4de seuns verloor 3-0 teen DP
5de seuns verloor 4-0 teen Alex



# KRIEKETUITSLAE:

17 Februarie 2024
Framesby 15A vs Nico Malan 15A @ Nico Malan.
40 boulbeurte.
Nico Malan wen loot en kies om te kolf.
Teken 110 aan almal uit in 25.4 beurte.

Beste boulers:
Kiaan Aylward 5-2-11-2
Le Roux Benn 3.4-0-16-2
Framesby teken in hul kolfbeurt 116/6 aan.

Beste kolwers:
Kiaan Aylward 35 (20)
Ruan Matthee 34 (26)
Framesby 15A wen met 4 paaltjies.

Saterdag, 19 Februarie 2024
Framesby eerste span vs Nico Malan
(50 beurte)
Framesby wen die loot en boul eerste.

Nico Malan behaal 172 almal uit in 41 beurte.

Beste boulers:
Logan Fleetwood 7/4 in 9 beurte.
Miles Feltham 36/2 in 8 beurte.
Juan Grigor 44/2 in 8 beurte.
Framesby behaal 174/3 in 22.5 beurte.

Beste kolwers:
Hanro van Jaarsveld 53* (45)
Dewan Wessels 40 (30)
Renquin Goliath 28 (35)
JJ de Lange 21 (20)

Framesby wen met 7 paaltjies.

Framesby Tweedes vs Nico Malan Tweedes. Framesby wen loot en besluit om eerste te boul. Nico Malan kry 161/6 in 35 boulbeurte.

Beste boulers:
Waldo van As 6 - 0 - 21 - 1
Christo Vosloo 7 - 2 - 14 - 1
Aiden Dennis 5 - 0 - 19 - 2
Framesby kry 141 almal uit.

Beste kolwers:
Xander Swanepoel 52 (40)
Gerrie Gerber 28* (17)

Framesby verloor met 21 lopies.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# SWEM RESULTATE

ECA champs
Oos Londen
17 Februarie 2024

Kaitlynne Horne maak skoonskip en verower 1ste plek in die volgende items:

200m Vryslag
200m IM
200m Rugslag
200m Vlinderslag
400m Vryslag

Chloe Steyn verower die volgende posisies in die volgende items:

1ste 200m Borsslag
3de 50m Vryslag
3de 50m Rugslag
3de 10m Borsslag
4de 50m Vlinderslag
4de 100m Rugslag















# KRIEKETUITSLAE

**Framesby 14 C vs Daniel Pienaar 14 B**
Daniel Pienaar kolf eerste en behaal 136/4 in 20 beurte.
Framesby behaal 69/7 in 20 beurte.
Framesby verloor met 67 lopies

**Framesby 0/14A vs Nico Malan 0/14A**
Framesby 0/14A wen loot en besluit om te kolf
Framesby 0/14 A kry 131 almal uit na 27.4 beurte
Beste kolwers:
Dandre Henwick 36 van 62
Jaco Louw Stander 24 van 14 balle
Nico Malan 0/14 A kry 133 / 7 na 31.5 beurte
Beste boulers
Dandre Henwick 3 paaltjies vir 18 lopies in 7 boulbeurte
Corbin Fleetwood 2 paaltjies vir 30 lopies na 7 boulbeurte
Nico Malan 0/14A wen met 3 paaltjies

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BAIE GELUK AAN:

Baie geluk aan Tiaan Peens wat as ons onderhoofseun aangewys is.



# RAAK DEEL VAN DIE CRAFT-KLUB

'n Paar van die voltooide " scrapbookblaaie " wat Woensdag by die Craft- klub gemaak is. Die craft-klub kom Woensdae in B4 vanaf 14:30- 16:00 bymekaar.Volgende week kan ons leerders 'n keramiekverf-les, deur n kunstenaar aangebied, bywoon en sommer vir Ma n moedersdaggeskenk maak.













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# RUBEN EN RUAN VAAR PUIK BY NMB SKAAKPROEWE

Ruan Grigor en Ruben Bouwer het die naweek van die 16de en 17de Februarie aan die Nelson Mandela Bay 1st Skaakproewe by Hoërskool Cillié deelgeneem.

Beide hierdie 2 Graad 10s het uitstekend gevaar in die onder 18 groep. Ruben Bouwer het 9de geëindig na die 2 strawwe dae (16 ure) se kompetisie. Ruan Grigor het 3de geëindig en ook ‘n medalje ontvang.




## NMBCU Trials 1 2024 (U18)

Last update 17.02.2024 18:17:45 / Page cached 17.0
18:18:25 116min., Creator/Last Upload: Musa Jikijela

| | |
|---|---|
| Tournament selection | Open, U18, U16, U14, U12, U10 |
| Parameters | Show tournament details, Link with tournament calendar |
| Lists | Starting rank, Alphabetical list, Statistics, Alphabetical list all groups, Pla |
| | Final Ranking crosstable after 6 Rounds, Starting rank crosstable |
| Board Pairings | Rd.1, Rd.2, Rd.3, Rd.4, Rd.5, Rd.6/6 , not paired |
| Ranking list after | Rd.1, Rd.2, Rd.3, Rd.4, Rd.5, Rd.6 |
| Excel and Print | Export to Excel (.xlsx), Export to PDF-File, QR-Codes |

Search for player Search

## Final Ranking after 6 Rounds

| Rk. | SNo | | Name | FED | RtgI | RtgN | Pts. | TB1 | TB2 | TB3 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | | Lagardien, Ismaeel | RSA | 1524 | 1622 | 5,5 | 0 | 5 | 20 |
| 2 | 1 | CM | Peter, Neathan | RSA | 1595 | 1660 | 5 | 0,5 | 4 | 24 |
| 3 | 8 | | Grigor, Ruan | RSA | 0 | 1043 | 5 | 0,5 | 4 | 23,5 |
| 4 | 3 | | Chipunza, James | RSA | 1237 | 1460 | 4,5 | 0 | 4 | 22,5 |
| 5 | 10 | | Mtshekexe, Usemhle | RSA | 0 | 1001 | 4 | 0 | 4 | 18,5 |
| 6 | 6 | | Slabbert, Deon | RSA | 0 | 1149 | 4 | 0 | 4 | 18 |
| 7 | 7 | | Jaffray, Joseph | RSA | 0 | 1051 | 4 | 0 | 4 | 17,5 |
| 8 | 22 | | Mahomed, Ishaan | RSA | 0 | 0 | 3,5 | 0 | 3 | 22 |
| 9 | 4 | | Bouwer, Ruben | RSA | 0 | 1246 | 3,5 | 0 | 3 | 19 |
| 10 | 18 | | Bojana, Singisile | RSA | 0 | 0 | 3,5 | 0 | 3 | 13,5 |
| 11 | 5 | | Vital, Keirah | RSA | 0 | 1230 | 3 | 0 | 3 | 17 |
| 12 | 14 | | Lippstreu, Caleb | RSA | 0 | 928 | 3 | 0 | 3 | 13,5 |
| 13 | 21 | | Mpalala, Ntando | RSA | 0 | 0 | 3 | 0 | 2 | 22,5 |
| 14 | 15 | | Brown, Kershae | RSA | 0 | 927 | 3 | 0 | 2 | 17 |
| 15 | 12 | | Cerfonteyn, Zeenat | RSA | 0 | 940 | 3 | 0 | 2 | 15 |
| 16 | 20 | | Khumalo, Sifiso | RSA | 0 | 0 | 2,5 | 0 | 2 | 20 |
| 17 | 13 | | Collett, Samuel | RSA | 0 | 939 | 2 | 0 | 2 | 20,5 |
| 18 | 11 | | Rautenbach, Cadyn | RSA | 0 | 958 | 2 | 0 | 2 | 18 |
| 19 | 16 | | Sotondoshe, Gift | RSA | 0 | 902 | 2 | 0 | 2 | 15 |
| 20 | 17 | | Brown, Reagan | RSA | 0 | 830 | 2 | 0 | 1 | 18,5 |
| 21 | 25 | | Peter, Abenathi | RSA | 0 | 0 | 2 | 0 | 1 | 16,5 |
| 22 | 23 | | Ngqengele, Achumile | RSA | 0 | 0 | 2 | 0 | 1 | 13 |
| 23 | 26 | | Phillip, Endinako | RSA | 0 | 0 | 2 | 0 | 1 | 12 |
| 24 | 19 | | Jingxa, Simvuyele | RSA | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 | 15 |
| 25 | 24 | | Ngumbela, Sibulele | RSA | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 15 |
| 26 | 9 | | Williams, Cleveland | RSA | 0 | 1050 | 0 | 0 | 0 | 13,5 |




SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# KRIEKETUITSLAE:

21 Februarie 2024
**Framesby 15B vs Westering 15B te Framesby**
15 boulbeurte.
Framesby wen loot en kies om eerste te boul.
Westering teken 54 aan almal uit in 11.3 beurte.
Beste boulers:
- Reinhardt de Goede 2-0-9-2
- Reghardt Kemp 3-1-6-1

Framesby teken 56/4 aan in 7.1 beurte.
Beste kolwers:
- Morné Meiring 17 (16)*
- André Jacobs 6 (2)*

Framesby 15B wen met 6 paaltjies

**Framesby derdes vs Woolhope eerste**
Framesby kolf eerste 175-5
Beste kolwer Gerrie Gerber 70
Caleb Beer 34
Woolhope 37-10
Beste bouler Jayden Strydom 4-1-8-5
Framesby wen met 138 lopies.

**Framesby Vierdes vs DP @ DP**
DP wen loot en besluit om eerste te kolf. DP teken 141/3 aan in 15 beurte.
Beste bouler: Damien Witbooi 3 - 0 - 9 - 2
Framesby kolf en behaal 142/6 in 14.3 beurt. Beste kolwers:
Logan Muller 43 (5x4, 1x6)
Ricardo Santos 27 (2x4, 1x6)
Damien Witbooi 16 (2x4, 1x6)
Cole Hilpert 16 (2x6)
Framesby wen met 4 paaltjies.

# MNR EN MEJ FRAMESBY 2024

Een van die opwindendste tye vir die matrieks van 2024 is reeds aan die rol en die eerste rondte onderhoude was aan die einde van Januarie afgehandel. Die finaliste is bevestig en ons sien daarna uit om hulle die 28ste Februarie te sien op die loopplak

Ons sê graag dankie aan ons eerste rondte beoordelaars: Tiffini Claasen,Dirk Moggee, Elmarie Buys Loftie Eaton en Yvette Peo. Dankie dat julle tyd saam met ons spandeer het om bykans eenhonderd leerders te ontmoet en meer uit te vind oor die matrieks se drome en vrese. Alhoewel elkeen van hulle vir ons spesiaal is, het hulle besluit op finaliste. Dankie vir julle tyd en omgee vir ons leerders. Ons waardeer dit opreg.

Die finaliste vir 2024 is:
1. Anja Vorster
2. Curé Barrington
3. Kayley Seaman
4. Ruzanne du Randt
5. Zani Vlok
6. Inge van Eyk
7. Danielle Marais
8. Chloe van der Walt
9. Marie-Louise Strydom
10. Annica Botha
11. Simoné Louw
12. Laché Venter
13. Lené Barnard
14. Chanté Kotze
15. Carmen Delport

1. Lafras Aylward
2. Ethan Gunn
3. Zander Westraad
4. Juan Grigor
5. Willie Jansen van Vuuren
6. Regardt Viljoen
7. Caleb Beer
8. Sean Vermaak
9. Johan van Zyl
10. Juwan Wium
11. Connor Kruger
12. Ryan Rousseau
13. Nicholis Wessels
14. Reinhardt Welman

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# KRIEKETUITSLAE:

Donderdag, 22 Februarie 2024
Framesby eerstespan vs Grey (T20) (w)
Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 67 almal uit.
Beste kolwers:
Logan Fleetwood 15 (20
JJ de Lange 13 (10)
Hanro van Jaarsveld 11 (15)

Grey behaal 68/4
Beste boulers:
Logan Fleetwood 17/2 in 4 beurte.
Juanré de Vos 16/1 in 4 beurte.

Grey wen met 6 paaltjies.



# ENGLISH DEBATING:

Baie geluk aan ons English Debatingspan wat teen Despatch gewen het. Veels geluk aan Anneqwa Witbooi wat as die beste spreker aangewys is.





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: JOSIE LEE STRAUSS




Ek het in 2022 matrikuleer.

Hoe kan ek vyf jaar se herinneringe in woorde omskep ? Framesby, my terug-verlang-plek van interhuis-atletiek, interskole teen Nico Malan, sokkies, die 'Big Brag' en die opwinding van hokkietoere. Ek mis Afrikaansklasse waarin Juffrou Jordaan die taal so lewendig gehou het en Biologie periodes by Meneer Oosthuizen was beslis die hoogtepunt van my dag. Ek onthou hoe ons met trots na elke saalbyeenkoms die skoollied uit volle bors gesing het (natuurlik het die seuns 'n ekstra 'bou' en 'trou' herhaal). Die meeste oudskoliere sal ook saamstem as ek sê dat ons n paar munte in ons baadjiesak gelos het vir Juffrou Landman se liplekker fudge. Dis regtig die klein dinge in die lewe wat n mens die langste sal onthou.

Ek was bevoorreg om in 2020 - 2022 vir die eerste dogters hokkiespan te kon speel. Ek was ook onderkaptein in my matriekjaar en het elke oomblik op die veld geniet. Dis op die veld waar mens van spanwerk, deursettingsvermoë, kommunikasie en goeie sportsmanskap leer en waar vriendskappe gevorm is wat n leeftyd sal hou. Ek het ook op die monitorbestuur gedien en het aan ander aktiwiteite soos cheerleading, Forum, filantrope, ATKV en VCSV deelgeneem.

Ek was in 2023 n assistent onderwyseres by Voetspore kleuterskool, waar ek my passie vir onderwys ontdek

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

het. Die skapieklas (3-4 jarige kleuters) het té vinnig in my hart ingekruip en is die rede waarom ek n verskil in vele ander kinders se lewens wil maak.

Huidiglik bevind ek myself in die skoene van n eerstejaar BEd-grondslagfase-onderwysstudent by Varsity College. Ek glo dat dit my roeping is en weet sommer dat ek elke oomblik daarvan sal geniet.

Ek bly nog by my ouers en ek is so geseënd met n gesin wat my ondersteun in alles wat ek aanpak. My ouer suster, Tessa Strauss (Matriek 2020, Hoërskool Framesby), studeer verpleegkunde en is beslis n rolmodel vir my. Ek kan net daarna streef om so geduldig, liefdevol en empaties soos sy te wees. Ek is ook geseënd met my kêrel, Tiaan Nortje (Onderhoofseun in Matriek 2022, Hoërskool Framesby), wat ek in graad 9 by Framesby ontmoet het. Hy is tans besig met sy tweede jaar as mediese student by NMU en ek is so trots op sy harde werk en goeie prestasies.

Vir die huidige leerders in Framesby: In n oogwink is jy ook klaar met skool. Voordat jy jou oë uitvee, bevind jy jouself by die Valedictory en luister na n laaste praatjie van jou Graadhoof of skryf jy vir n laaste keer eksamen in die saal; so geniet elke oomblik daarvan. Ek hoop met my hele hart dat julle hierdie kosbare oomblikke in hoërskool sal koester.










SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ADRES:
- PROVINSIE:
- BEROEP:
- TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

Op Maandag, 7 Augustus 2023 sal daar 'n video aan ons ouers en oudskoliere uitgestuur word wat die hele proses verduidelik. Die video sal ook op ons Youtube-kanaal, webwerf en Facebook-Blad beskikbaar wees. Die debietordervorm sal op ons webtuiste onder die Klub 100/100 "tab" beskikbaar wees.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na rterblanche@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid.
Ons almal kan doen met n plekkie waar ons kan adverteer.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasies aan jou besigheid om meer voete in die deur te kry.  Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bevorder.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling ontvang.

Dit sal 'n voorreg wees om u maatskappy te assosieer met die topskool in die Oos-Kaap naamlik Hoërskool Framesby.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.
Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*

Mariaan Botha *(ouer)*

Karl du Preez *(oudouer)*

Anél Ferreira *(ouer)*

Mornay Heunis

Sonia & Arthur Gunn *(ouers)*

Christiaan Beyers Knoetze *(oudskolier)*

Niel Louw *(ouer)*

Rinaldo Loftie-Eaton *(oudskolier)*

KA Reyneke

Petra Gouws *(BL Finansiële-voorsitter)*

Keagan Tait *(oudskolier)*

Wynand Wessels *(ouer)*

Werner Edwin Olivier *(ouer)*

Gerhard Meiring *(oudskolier)*

*Ernst Stapelberg (oudskolier)*

*Masunet Strydom (BL-voorsitter)*

*Dirk Kotze (BL)*

Lynette Stumke *(BL)*

Hugo Maritz *(BL)*

Pienaar Agenbag *(oudskolier en ouer)*

Bernard McDonald *(oudskolier)*

Jacqueline van Heerden *(oudskolier en ouer)*

*Pietie Ferreira (ouer)*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

Vorms beskikbaar op ons webtuiste!

# DIE HANGER

## DIE VOLGENDE LEERDERS MOET HUL BESTELLINGS KOM AFHAAL :

**Naambalkies :**

- Bruwer Agenbag
- Aiden Benecke
- Lieschen Barnard
- Milan Bosch
- Stefan Boshoff
- Lindie Cloete
- Mieke Dolphin
- Divan Douglas
- Teneal Els
- John-Henry Cawood
- Jacques de Bruin
- Miecke de Vries
- Tiaan Dreyer
- Caeli de Beer
- Ruan Francis
- Reuben Fourie
- Andrecia Fouche
- Mari Geisster
- Caitlyn Harding
- Hayleigh Labuschagne
- Jema Le Roux
- Danika Marais
- Mieke Marais
- Bianca Martin
- Karla Myburgh
- Ceygan Nyssechen
- Kyle Pretorius
- Nathan Rall
- Nicole Schellingerhout
- Maryka Stiglingh
- Daniel Stofberg
- Risto Strydom
- Simone Tobias
- Amore van Onselen
- Jayden Van Rensburg
- Lexi van Rooyen
- Nikita van Rooyen
- Wian van Rooyen
- Tristan van Wyk
- Kian Welgemoed

**Pullovers**

- Ilke Venter4

**Skool hemde:**

- Ian Flemming

DAAR IS NOG BAIE HANDBOEKE WAT AFGEHAAL MOET WORD.

ASB. KOM MAAK 'N DRAAI BY DIE HANGER.

DIE HANGER

# Puma Sportsak
**R600**






# Kossakkie
**R240**

# Puma Backpack
**R350**






# Medium sportsak
**R380**

# FRAMESBY OUDSKOLIERE FOS

Die Fosse vra graag u ondersteuning om vir die skool ‘n skrummasjien te koop. Indien u sou belangstel om ’n bydrae te maak, kontak asseblief vir Pienaar Agenbag 083 261 7090.
U ondersteuning sal waardeer word.


Oud-Framesby XV-spelers het besluit om ‘n NPO te stig, om ‘n ekstra bydrae te maak tot Framesby rugby. Die NPO - Framesby Rugbyontwikkeling. Die eerste projek is ’n skrummasjien vir die skool. Die koste is so om en by R 75 000. Ons sal waardeer as oudspelers / skoliere en ouers ‘n bydrae wil maak tot Framesby se ryke rugbygeskiedenis.

As daar enige vrae is, skakel my gerus op 083 261 7090.
Framesby Rugby Ontwikkeling
Capitec (business account)
105 174 1963
Lopende rekening

Baie dankie Pienaar Agenbag




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



**AANDAG FRAMESBY MAMMAS!**

Ons bid **Donderdagoggende 7:30** in die **tennishuisie** naby die A-hek.

Ons bid vir die skool, kinders, personeel en aktiwiteite.

Alle nuwe mammas is baie welkom. Daag net op en bid saam!

**- MAMMAS WAT OMGEE -**

# "SAVE THIS DATE"

# Hoogland Koorfees

## DINSDAG, 30 APRIL 2024 @ 18:30

## te NG Kerk PE Hoogland Kerkgebou

**Hoërskool Framesby**
**Westering High School**
**Laerskool Lorraine**

**Laerskool Mount Pleasant**
**Laerskool Newtonpark**
**Laerskool Sunridge**



## Kaartjieverkope open binnekort

PE HOOGLAND
Geloof deur liefde tot dade

**NG Kerk PE Hoogland | 1 Isobellaan, Charlo**
**Navrae : Leandra 041 367 1485**

# DIE KOSBLIK

Spyskaart vir die week.

1 Proteïen van die dag + 2 bykosse = R50
Een porsie proteïen = R30
Ekstra porsie proteïen = R25

Daagliks: Hoender fillet en groenslaai
Kies ook van die volgende:

Maandag: Lasagne & blomkoolslaai
Dinsdag: Hake gebak of gebraai & botterskorsieslaai
Woensdag: Wildspastei & brokkolislaai
Donderdag: Viskoekies & asiatieseslaai
Vrydag: Boerie rolle / Hoendersosatierolle & tjips

---

Beskikbaar by Die Kosblik
vir aansit of wegneem etes.

Whatsapp:
+27 (81) 015-4535

# TOETSREEKSROOSTER: 4-14 MAART 2024 [GRAAD 8 TOT 12]

| Graad | Sessie | 4 Mrt. | 5 Mrt. | 6 Mrt. | 7 Mrt. | 8 Mrt. (slegs 1 sessie) | 11 Mrt. | 12 Mrt. | 13 Mrt. | 14 Mrt. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **8** | **1** | **FW Toets 40 min Ondersoek 10 min** | GEO 55 min | ENG HL 80 min ENG FAL | EBW 45 min | AFR 90 min | **LW 35 min** | | WISK 60 min | Dig. Tegn. 40 min |
| | **2** | | GESK 60 min | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | |
| **9** | **1** | ENG HL 90 min ENG FAL | WISK 60 min | Dig. Tegn. 40 min | LW 40 min | FW Toets 45 min Ondersoek 10 min | GESK 60 min | | AFR 90 min | EBW 45 min |
| | **2** | | | | | | GEO 55 min | | | |
| | | | | | | | | | | |
| **10** | **1** | LW 80 min | VBS 50 min | WISK 60 min WG | REK 90 min KUNS 75 min | TOER 60 min | FW 2 ure | BS 90 min | RTT(CAT) 50 min | GESK 60 min |
| | **2** | IT 60 min | GEO 60 min | LANDB 90 min | AFR 60 min | | ENG HL 60 min ENG FAL 90 min | **GEO Kaartwerk 60 min** | IGO 60 min | DRAMA **MUSIEK 60 min** |
| | | | | | | | | | | |
| **11** | **1** | REK 90 min | WISK 75 min WG 60 min | BS 90 min | VBS 60 min | LANDB 90 min DRAMA 60 min | FW 2 ure | LW Pr. 30 min (lab x3) LW Toets 50 min | TOER 60 min | IGO 90 min |
| | **2** | IT 60 min | AFR 60 min | | RTT(CAT) 50 min | | ENG HL 60 min ENG FAL | GEO 60 min | KUNS 75 min | **GEO Kaartwerk 60 min** |
| | | | | | | | | | | |
| **12** | **1** | FW 2 ure | LW 80 min | RTT(CAT) 50 min | TOER 60 min | ENG HL 100 min ENG FAL 60 min | WISK 75 min WG 60 min | AFR 60 min | REK 2 ure | BS 90 min |
| | **2** | | IT 60 min | IGO 2 ure | GEO 60 min | **DRAMA 60 min** | LANDB 90 min | MUSIEK 90 min KUNS 75 min | VBS 60 min | **GEO Kaartwerk 60 min** |

*We Love What We Do!*

Continental
BUTCHERY & DELI
SINCE 1971



# Delicious Deli Food

Pies • Sandwiches •
Rotisserie Chickens •
Pancakes & more




# Meals

Ready-made- meals •
Vegetable trays • Pizza's •
Sunday Lunches & more



# Meat

Lamb • Beef • Pork • Chicken
for the Braai • Lunch • Dinner
Cold Meats • Choice cuts

# Deli Specialities

Sauces • Spices • Cakes •
Tarts • Breads • Rolls •
Sweets • Braai Accessories

Sunridge Village
Kragga Kamma Rd
Sunridge Park

Let's assist you with your function requirements